



UNIVERSITEIT • iYUNIVESITHI • STELLENBOSCH • UNIVERSITY



HOE OM AANLYN AANSOEK TE DOEN VIR 'N NAGRAADSE PROGRAM AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH (2019)

Stap 1: Voor jy aansoek doen

Maak seker dat jy die Universiteit se Toelatingsbeleid en die toelatings- en keuringskriteria van die verskillende fakulteite verstaan. Vir nagraadse studie, besoek die universiteit se webwerf vir nagraadse studente by www.sun.ac.za/pgstudies, of skakel met ons Kliëntedienssentrum by +27 21 808 9111 of info@sun.ac.za.

Stap 2: Neem kennis van die sluitingsdatums

Besoek die webblad vir voornemende nagraadse studente by www.sun.ac.za/pgstudies vir 'n lys van sluitingsdatums vir al die nagraadse programme wat vir 2019-inname aangebied word.

Sluitingsdatums vir finansiële ondersteuning:

31 Augustus: Aansoeke om finansiële ondersteuning deur die Universiteit Stellenbosch sluit.

30 Junie: Aansoeke sluit vir NNS-befondsing (Nasionale Navorsingstigting).

Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.

Stap 3: Voltooi jou aansoek

1. Om die elektronies aansoek te gebruik, moet jy oor 'n geldige e-pos adres en selfoonnommer beskik. Korrespondensie sal aan die e-pos adres en sms'e aan die selfoon gestuur word.
2. Sodra jy geregistreer het vir jou aanlyn aansoek, sal jy 'n gebruikersnaam en 'n 8-syfer wagwoord ontvang sodat jy met jou aansoek kan voortgaan.
3. Ten einde jou aansoek te voltooi, moet alle verpligte skerms (gemerk in rooi as 'Uitstaande') voltooi word.
4. Finaliseer aansoek deur op die 'Finaliseer aansoek' blokkie te klik. Let wel, die 'Finaliseer aansoek' blokkie is slegs beskikbaar nadat ALLE verpligte skerms voltooi is ('n groen 'Voltooi' blokkie word vertoon).
5. Verdere proessering van aansoeke vind eers plaas NADAT die aansoek gefinaliseer is EN alle ondersteunende dokumente voor die sluitingsdatum op jou **Aansoekstatus** by www.sun.ac.za/pgstudies gelaai is.
6. Jy sal 'n gebruikersnaam (jou studentenommer) en SUN-wagwoord ontvang om toegang te verkry tot jou Aansoekstatus.
7. Jy moet verseker dat die inligting wat jy verskaf het korrek is. Indien die inligting nie korrek is nie, behou die Universiteit hom die reg voor om jou aansoek nie te aanvaar nie of jou registrasie onmiddellik te kanselleer.
8. Die aansoek hoef nie eenmalig voltooi te word nie. Data sal nie verlore gaan nie en die aansoek kan op 'n latere stadium, voor die sluitingsdatum, voltooi word.
9. Moet asseblief nie beide met hierdie vorm en aanlyn aansoek doen nie. As ons altwee soorte aansoeke van jou ontvang, kan ons slegs die elektroniese aansoek aanvaar as die bedoelde een.

Stap 4: Maak seker jy laai al die vereistes aansoekdokumente op

1. Lees meer oor die vereistes vir dokumente, jou kontrak en ook oor die aansoekgeld betalingsopsies in die relevante afdelings van hierdie aanlynaansoek.
2. Let daarop dat die R100 aansoekgeld net van toepassing is op Suid-Afrikaanse burgers.
3. Jy kan jou getekende kontrak, die vereiste aansoekdokumente (ingeluit jou akademiese rekord), sowel as jou bewys van betaling voor die sluitingsdatum op jou Aansoekstatus by www.sun.ac.za/pgstudies oplaai.
4. Indien ons nie alle dokumente teen die sluitingsdatum ontvang nie, sal jou aansoek ongelukkig nie oorweeg word nie.
5. Dit bly jou verantwoordelikheid om seker te maak dat die Universiteit al die dokumente betyds ontvang. Jy kan jou aansoek op jou Aansoekstatus by www.sun.ac.za/pgstudies volg en seker maak dat jou aansoek volledig is. Gebruik jou studentenummer en SUN-wagwoord wat jy sal ontvang sodra jy die aansoek voltooi het, om in te teken.

Stap 5: Monitor jou aansoekstatus

1. Wanneer jy die stappe suksesvol afgehandel het en jy ontvangserkenning van jou volledige aansoek ontvang het, is jou aansoek gereed vir oorweging.
2. Gebruik jou studentenummer en SUN-wagwoord om aan te teken en monitor jou Aansoekstatus by www.sun.ac.za/pgstudies.

Indien jy hulp met jou aansoek nodig het, of meer inligting benodig, kontak ons gerus by +27 21 808 9111, rig 'n e-pos aan info@sun.ac.za, of besoek www.maties.com.